# 5 April 2024 - PASGA Lesing 280

Genesis 14

**18** En **Melgisédek**, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het **brood en wyn** gebring

19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.

20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.

Mattheus 26

26 En terwyl hulle eet, neem JaHWèshua die **Brood**, en nadat Hy gedank het, breek Hy Hom en gee Hom aan Sy studente en sê: Neem, eet, **Hy is My liggaam**. [Boekrol van die Opregte 16:11]

Mat 26:27 Toe neem Hy die **Beker**, en nadat Hy gedank het, gee Hy Haar aan hulle en sê: Drink almal uit Haar.

Mat 26:28 **Want Sy is My Bloed**, die Bloed van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van oortredinge. [Psalm 30:9]

Johannes 6

51 Ek is die Lewende Brood wat uit die Hemele neergedaal het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. **En die Brood wat Ek sal gee, is My Vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.**

52 Die manne van JeHûWdah het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons Sy Vlees gee om te eet?

53 En JaHWèshua sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, **as julle nie die Vlees van die Seun van die Adam eet en Sy Bloed drink nie, het julle geen Lewe in julleself nie.** [Exodus 12:8; 23:19]

54 Hy wat My Vlees eet en My Bloed drink, het die Ewige Lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

55 Want My Vlees is waarlik Spys, en My Bloed is waarlik Drank.

56 Wie My Vlees eet en My Bloed drink, bly in My en Ek in hom.

57 Soos die lewende VADER My gestuur het, en Ek deur die VADER lewe, **so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.**

58 Dit is die brood wat uit die Hemele neergedaal het - nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; **wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe**.

Openbaring van Henog 23

16 En toe hulle uitgegaan het na haar graf, het die kind uit die lyk van Sofonima gekom en op die bed gesit.

17 Noag en Nir het ingekom om Sofonima te begrawe en hulle het die kind gesien wat by die lyk gesit het en **hy het 'n kledingstuk aangehad**.

18 Noag en Nir was baie verskrik, want die kind se liggaam was volmaak: **hy het met sy mond gepraat en JaHWeH geseën.**

19 Noag en Nir het na hom gestaar en gesê: Dit is die werk van JaHWeH, my broer.

20 Kyk, die **Seël van die priesterskap was op sy bors** en hy was 'n vreugde om te aanskou.

21 En Noag het aan Nir gesê: Broer, kyk, JaHWeH sal die Tabernakel van Apartheid na ons herstel.

22 En Nir en Noag het gou gemaak en die kind gewas en hom getooi in die priesterlike klere, **en hulle het hom brood gegee wat geseën was en hy het hom geëet, en hulle het hom Melgisédek genoem**.

30 JaHWeH het Nir gehoor en aan hom in 'n visioen in die nag verskyn en aan hom gesê: Aanskou, Nir, die verbastering op die Aarde is oral: Ek sal dit nie langer verduur of uithou nie.

31 Kyk, Ek gaan baie gou 'n groot vernietiging oor die Aarde bring, maar Ek het geen bekommernis oor die kind nie, Nir, want na 'n klein rukkie sal Ek My **Hoofboodskapper GabriEl stuur en hy sal die kind neem en hom in die Paradys van Eden plaas**.

32 Hy sal nie vergaan saam met die wat op die punt staan om te vergaan nie, want Ek het hom as 'n Teken gestuur- **hy sal vir My 'n priester van priesters vir ewig wees, Melgisédek,** en Ek sal hom eenkant sit, en Ek sal van hom 'n groot volk maak wat My sal eer.

36 Want ek weet dat hierdie geslag sal eindig in verwarring en almal sal vergaan, en **Noag, my broer, sal bewaar bly vir 'n ander geslag om die vader daarvan te wees,**

37 en uit sy familie sal 'n talryke volk voortspruit en **Melgisédek sal die hoëpriester onder 'n volk wees** wat U onderdane sal wees, o JaHWeH, en U sal dien. [Hebreërs 7:1-2,3]

38 En toe die kind vir veertig dae in Nir se huis was, het JaHWeH aan die Hoofboodskapper GabriEl gesê: Gaan af na die Aarde, na Nir, die priester, en **neem die kind Melgisédek wat by hom is en sit hom in die Tuin van Eden om hom veilig te bewaar.**

39 Want die tyd is baie naby dat Ek al die waters oor die Aarde sal loslaat en alles wat op die Aarde is, sal

vergaan **en Ek sal hom 'n plek van eer in 'n volgende geslag gee, en Melgisédek sal die Hoëpriester van daardie geslag wees.**

Eksodus 12

5 Julle moet 'n rasegte lam hê, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle hom neem.

7 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bodrumpel, aan die huise waarin hulle hom eet. [JeHôWganan 10:7; Hebreërs 10:20]

8 En hulle moet die **vleis** in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met **ongesuurde brode** moet hulle hom met bitter kruie eet. [JeHôWganan 6:53]

12 Want Ek sal in hierdie nag deur die Aarde van Egipte trek en **al die eersgeborenes** in die Aarde van Egipte tref, van adamiete sowel as van die wilde wesens. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek - JaHWeH.

13 **Maar die bloed sal vir julle 'n Teken wees aan die huise waarin julle is:** as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek die Aarde van Egipte tref nie.